# SARS besorgd terwyl nog 'n belastingpraktisyn gevonnis is vir nie-nakoming van BTW

**Tshwane, 21 Mei 2021** - 'n Belastingpraktisyn wat sy eerste hofverskyning probeer vermy het maar later gearresteer is, is in die Bloemfonteinse streekshof tot 24 maande tronkstraf gevonnis wat geheel opgeskort is vir drie jaar vir 48 BTW-oortredings. Dit volg op die inhegtenisneming van Mnr. Luvhengo op 9 September 2020 nadat hy versuim het om op te daag vir sy eerste verskyning op 31 Julie 2020. Hy was op borgtog vrygelaat.

Die nie-nakomingsoortredings is gepleeg terwyl belastingpraktisyn Ritondeni Luvhengo in beheer was van die belastingsake van 'n konstruksiemaatskappy.

Luvhengo het 24 aanklagte in die gesig gestaar vir die versuim om relevante materiaal openbaar te maak op die VAT201-opgawes wat by SARS ingedien is.

Hy het 24 nul-VAT201-opgawes ingedien sonder die kliënt se medewete om sodoende 'n belastingklaringsertifikaat te bekom.

As gevolg is die beskuldigde ook aangekla van 24 aanklagte vir optrede sonder die kliënt se medewete of toestemming.

SARS kommissaris Edward Kieswetter het gesê, "SARS sal nie nie-nakoming deur belastingpligtiges of belastingpraktisyne duld nie. In teendeel, ons ag praktisyne op 'n hoër standaard, as belangrike tussengangers in ons poging jeens vrywillige nakoming."

"Nie-nakoming verminder nie net die inkomste wat SARS kan invorder nie, maar erodeer verder die kultuur van nakoming. Die verminderde inkomste-invordering beteken dat basiese dienste nie aan die armes en kwesbares gelewer kan word nie, veral in 'n tyd van groot nood terwyl Covid-19 steeds verwoesting saai op die ekonomie."

"SARS bly dit maklik maak vir belastingpligtiges en -praktisyns om hul belastingverpligtinge na te kom en sal dit bly moeilik en duur maak vir diegene wat opsetlik nie hul verpligtinge nakom nie," het Mnr. Kieswetter gesê.

Hy het bygevoeg dat belastingpraktisyne die vertroue van belastingpligtiges het wanneer hul namens hulle optree en dat die vertroue nooit verbreek moet word nie. Wyl die meerderheid van belastingpraktisyne eerbaar optree en in die beste belange van hul kliënte, is daar diegene wat hul eie selfsugtige behoeftes nastreef.

Die kommissaris het gesê dat belastingpligtiges baie versigtig moet wees oor wie hul as belastingpraktisyne aanstel en moet die registrasiestatus van 'n praktisyn op die SARS-webtuiste www.sars.gov.za nagaan.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.